Maandag **21 Oktober**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-6**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:3**

**Bewaar die eenheid van die verbondsgemeenskap deur in vrede met mekaar te lewe**

Ons ervaar in ons daaglikse lewe soveel haat, onenigheid, stryd en rusie dat dit werklik 'n wonderlike seën van die Here is om deel te wees van sy verbondsgemeenskap – die kerk! Hier waar ons in vrede, eensgesindheid en liefde met mekaar kan saamleef. Dat ons met mekaar kan saamleef, al verskil ons selfs van mekaar en doen en dink ons nie altyd dieselfde nie!

Dit is wonderlik om te besef dat God hierdie voorreg aan ons geskenk het. Hy het ons gekies en ons geroep om as sy kinders in die kerk saam te lewe. God het ons saamgevoeg en hierdie eenheid van die verbondsgemeenskap berus daarin dat die Gees van die Here in elke lidmaat woon en werk.

Ons een-wees met mekaar is dus 'n gawe van God, maar dit is ook 'n belangrike taak wat die Here aan ons opdra. Kyk in vers 3: Ons moet hierdie eenheid wat die Gees bewerk met 'n band van vrede bewaar. Elke gelowige moet met die regte gesindheid hard werk om hierdie eenheid in die kerk te bewaar, want Satan is ook hard besig om hierdie eenheid en vrede in die kerk te wil verbreek! Ons ervaar dit nou weer in ons kerklike lewe in die GKSA.

Deur sy genade het God ons toegerus om hierdie eenheid te kan bewaar! Christus het vir ons sonde en gebreke kom betaal en in en deur Hom kan ons mekaar ook vergewe! Maar Christus het ook die Heilige Gees aan ons gegee wat sy vrug in ons lewe werk. Paulus noem in vers 2 vier gesindhede waarmee gelowiges hierdie band van vrede moet werk en dit hou verband met die vrug van die Gees, naamlik: nederigheid, saggeaardheid, geduld en liefde. Dit is die wyse waarop die Gees deur ons werk om mekaar lief te hê en mekaar te verdra en die eenheid in die kerk te bewaar.

Is ek en jy ook daarmee besig? Openbaar ons hierdie gesindheid en werk ons elkeen in ons eie gemeente hard daaraan?

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*